Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag 4 Junie 1947. Nr. 27.

# S. J. de Jongh Gaan Skryf Vir Die O.B.

*Ooreenkomstig nuwe reëlings wat aangegaan is beoog Voorslag (Edms.) Bpk. nuwe planne met „Die O.B." Die reëlings maak voorsiening vir die afskaffing van die stelsel van kommando-intekening sodat elke intekenaar voortaan sy/haar intekengeld, wat 10/- per jaar bedra en vooruitbetaalbaar is, regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad moet stuur.*

*Indien ons duisende lesers almal op die nuwe grondslag inteken, kan ons blad al dadelik verbeter word; so nie, sal dit geleidelik uitgebrei word namate ons intekenarelys vorder.*

*„Die O.B." sal ook heelwat interessante stof bied, waaronder 'n artikelreeks van die gewilde skrywer van „Sonder Gewere," S. J. de Jongh, wat sal handel oor die ondergrondse stryd tydens die oorlogsjare.*

*Maak dus seker dat u nie u blad gaan mis nie!*

# Laat Ons Deel In Die Stryd

**Dr. Erika Theron, vroue-leidster van Gebied A, vra in onderstaande oproep 'n algehele kragsinspanning vir die insameling van fondse vir O.B.-dag. Sy skryf:**



Dr. Erika Theron

Vir die Ossewabrandwag is daar twee belangrike dae wat vir ons Beweging baie beteken. Die een is **Amajubadag**, wanneer ons die vryheidsvure aansteek en elkeen in die stilte wat volg, opnuut die gelofte aflê om getrou te wees aan ons vryheidsideaal en om met al ons kragte ons deel by te dra tot die uiteindelike verwesenliking van daardie ideaal. Die ander dag is O.B.-dag of Fondsdag wanneer ons almal hard saamwerk en met die uiterste kragsinspanning die fondse van ons Beweging sterk maak. Sonder die nodige geld is dit onmoontlik vir enige organisasie om met sukses sy taak voort te sit. Waar die Ossewabrandwag die enigste beweging in die land is wat nog altoos brandwag gestaan het vir ons vryheidsideaal en van die pad nooit afgewyk het vir tydelike voordele van naderende verkiesings nie, is dit elke Afrikaner se dure plig om 'n hand by te sit om hierdie Beweging finansieel ook sterk te maak.

Al mag dit 'n lang en opdraande stryd wees wat voorlê, wil seker nie een van ons die voorreg ontneem word om met volle kragte aan die stryd deel te neem nie. Laat ons onthou dat „'n volk se stryd nie van gister en vandag is nie — dis 'n lang ketting van moed en opoffering, oorwinning en terugslag en elke geslag moet sy deel daartoe bydra. Dis nie vir ons om te vra of ons die voorreg gaan hê om die eind-resultaat te sien nie. **Dis vir ons net om te sorg dat die werk wat van ons verwag word gedoen word met pligsgetrouheid en liefde en met dankbaarheid vir die voorreg van deelname aan so 'n stryd.**

## Ontsettende Lugrampe

**Sedert verlede Donderdag het honderd-drie-en-tagtig mense die lewe ingeskiet as gevolg van elf vliegtuigongelukke wat in verskeie dele van die wêreld plaasgevind het. Hierdie reeks vliegtuigongelukke word beskryf as die ernstigste wat vir 'n lang tyd plaasgevind het. Die grootste ongeluk het plaasgevind in Maryland in die V.S.A. waar 53 mense die lewe ingeskiet het.**

**'n Aantal mense word nog vermis. Daar word aangeneem dat hulle ook dood is.**

# TONNEL IN KAMP GEGRAWE

**Tydens die oorlogsjare kon die regering dit maar nie klein kry hoe die geïnterneerdes daagliks op hoogte gekom het van die buitelandse nuus en hoe hulle dit reggekry het om tonnels onder die drade deur te grawe sonder dat die wagte wat dikwels die kamp en hutte deursoek het, dit kon kry nie. Nou dat die oorlog verby is en die haat besig is om af te koel, kan hierdie verhaal maar vertel word.**

Verlede week het mnr. Ben Botha wat sedert 1942 deur die interneringskamp en Sentrale Gevangenis gegaan het, en onlangs losgelaat is, hierdie inligting waarna die regering maande lank sonder enige sukses gesoek het, aan die Kaapse Boerejeug verstrek toe hy hulle in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou toegespreek en ook etlike staaltjies uit sy ondervindings meegedeel het.

Die geïnterneerdes was verplig om hulle op allerlei wyse besig te hou. Een geïnterneerde het 'n paar muise makgemaak wat hy gereeld gevoer het, terwyl ander weer voëltjies mak gemaak het. Dit was dan trouens ook al vriende wat die geïnterneerdes in die kamp gehad het.

Slegs Engelse koerante is in die kamp toegelaat, en dan was dit reeds 'n week oud. Van hierdie manier van nuus in die hande kry, het die geïnterneerdes niks gehou nie. 'n Plan moes gemaak word, en hierin het die Italianers in die aangrensende kamp gehelp. **Hulle het 'n sorgvuldig weggesteekte radiostel gehad wat die kakies maar nie kon kry nie. Die Italianers het die nuus op 'n vel papier getik, dit aan 'n klip vasgebind en ongemerk oor die draad in die Boerekamp geslinger.** Die boodskap was gewoonlik in Italiaans en moes deur die Boere vertaal word. Gelukkig was daar 'n paar taalkenners wat dit kon doen.

### „VOËLTJIE"

Om die spioene in die kamp en die wagte op die dwaalspoor te bring, het hierdie klip met sy nuus as „die voëltjie" bekend gestaan. Hierdie benaming het later veel pret veroorsaak.

Daar was heelwat mak voëltjies in die kamp, o.a. 'n mossie wat met almal maats was. Een van die geïnterneerdes het dit eendag in sy kop gekry om 'n helmet van 'n stukkie gompapier op die voëltjie se kop vas te plak. Onmiddellik hierna was dit weer tyd om aan te tree sodat die geïnterneerdes getel kon word. **Soos gewoonlik was die voëltjie — hierdie keer met hoed en al — weer teenwoordig. Die bevelvoerende offisier wat al dikwels van „die nuusvoëltjie" gehoor het, het skielik in die waan gekom dat dit die besondere voëltjie moes wees wat die nuus na die kamp bring, en het gelas dat hy gevang moet word. Drie soldate het die voëltjie, tot groot vermaak van die manne, agternagesit sonder dat hulle hom kon vang.**

### TONNEL

Wat die kampowerheid die meeste hoofbrekens besorg het, was die grawe van tonnels deur die geïnterneerdes. Die gevangenes het egter met die grootste bedagsaamheid sorg gedra dat die tonnels nie ontdek word nie. In die begin het dit wel gebeur, maar later is een tonnel met sukses tot buite die kamp gegrawe.

Die tonnel het begin in een van die hutte. In hierdie hut se vloer is 'n vierkantige gat uit die sement gekap. **Met sement waarop met tussenposes van die kakies vasgelê is, totdat hulle byna 'n halfsak gehad het, is 'n sementblok wat presies op die gat pas, gemaak, en 'n bed daaroor gestoot.**

Die tonnel is eers tien of twaalf voet regaf gegrawe, daarna 'n ronde kamer waarin gedraai kan word en dan het dit in die rigting van die draad gepeil. Die grawe het egter met baie probleme gepaard gegaan.

### GEEN LUG


Daar moes seker gemaak word dat die wagte nie die gat ontdek nie. Om die voeë van die deksel goed te bedek, is seep en sement gemeng en dit in die voeë gesmeer. Namate die tonnel langer geword het, het die hitte en afwesigheid van lug die grawe onmoontlik gemaak. 'n Plan moes gemaak word. Van 'n leerbaadjie is 'n blaasbalk gemaak om lug in te pomp. Dit het egter te veel stof veroorsaak en 'n pyp wat die lug tot by die grawer kon voer, moes gevind word. **Hiervoor is 'n oplossing gevind deurdat al die tonnelgrawers skielik lus geword het vir konfyt. Hierdie blikke wat by die kantien te koop was, is aan weerskante oopgesny en inmekaar gedruk, en so is 'n lugvoerpyp vervaardig wat die grawery baie bevorder het.**

### SAND EN KLIPPE

Die grond en klippe was iets waarvan hulle ontslae moes raak. Elkeen van die medepligtiges het saans 'n groot jas gedra waaronder hulle 'n sakkie sand gehad het. So ver as hulle loop, het hulle dit stadig laat uitloop.

Die klippe is ook so weggegooi. Die wagte het dit egter elke keer ontdek, omdat daar geen klippe in die kamp mag wees nie en dit alles by voorbaat uit die kamp verwyder is. Elke oggend moes die wagte die klippe uit die kamp verwyder, en het eintlik so meegehelp om die tonnel te grawe. Telkens is daar op grond van die klippe opnuut na die tonnel gesoek — sonder veel sukses; want dit is altyd so bewerk dat die een of ander onbenullige tonneltjie ontdek is, sodat dit die kakies tevrede kan stel t.o.v. die klippe in die kamp en hulle so van die spoor van die regte tonnel te lei.

# SY DADE HUIL



**Churchill was deur sy oorlogsvenyn en sy eis om totale nederlaag van Duitsland mede-verantwoordelik vir die uitlewering van Europa aan die bolsjewisme. Soos sy vriend genl. Smuts beklaag hy ook vandag die ellende van Duitsland as 'n groot gevaar vir die wêreldvrede — nadat hy by Potsdam en elders besluit het om Duitsland totaal te plunder. Op die foto is hy besig om sy toespraak te lewer ten behoewe van 'n verenigde Europa en herstel van Duitsland.**

# GENL. SMUTS ONTWAAK EN VERAG SY DROOM

**Die wêreld verkeer in 'n krisis soos hy nog nooit geken het nie. Die Veiligheidsraad van die V.V.O. het misluk. Die vetoreg word misbruik. Die Algemene Vergadering is ook nie bevredigend nie. Dieselfde teleurstelling word gevind by die Raad van Ministers van Buitelandse Sake. Die Atoomkragkommissie is verdeel.**

**Hierdie troostelose boodskap van mislukking is verlede week deur die Eerste Minister, veldm. J. C. Smuts, aan die volk gebring toe hy 'n beeld van die duister toekoms waarin hy die wêreld help stort het, aan die senaat voorgehou het.**

Genl. Smuts het gesê dat botsende ideologië, waaronder die kommunisme, hou 'n groot gevaar in, maar spr. sien nie onmiddellike oorlog nie omdat die wêreld moeg is van stryd.

Die Verenigde State en Rusland is vandag twee supermoondhede en staan soos twee reuse teenoor mekaar. Dit hou elemente van botsing in. **Die wêreld sal veiliger wees as daar verskeie groot moondhede is, het spr. gesê. Daarom moet Engeland herstel word sodat hy sy plek langs Amerika kan inneem.**

Veldm. Smuts het gesê dat hy meen Brittanje is 'n groter waarborg as die V.V.O. wat sonder enige ondervinding is. Ons moet nie te veel van die V.V.O. verwag nie. Selfs die vriende van die V.V.O. sal erken dat die Veiligheidsraad reeds misluk het. Dit is 'n groot teleurstelling.

Die veto-reg van die Veiligheidsraad is ook misbruik en as nasionale wapen aangewend. **Dit is tans twyfelagtig of die Veiligheidsraad ooit meer as 'n las vir die wêreldvrede sal wees.**

DEUG NIE

Dit is duidelik dat die stelsel nie werk nie. Die Algemene Vergadering is nie bevredigend nie. Ook die Raad van Ministers van Buitelandse Sake is teleurstellend. Op die jongste vergadering is daar geen steek gevorder nie. In die Atoomkragkommissie is daar nog steeds 'n skerp verdeling en in die laaste tyd was daar ook geen vooruitgang nie. Die atoomwapen word al gevaarliker.


SIEK

Spr. sien in Engeland wat tans verswak is, maar wat weer gehelp moet word om te herstel, 'n middel om as teenwig teen die twee huidige supermoondhede te dien. Brittanje is siek en gewond deur die oorlog. Hy hoop dat Engeland die moeilikhede te bowe sal kom.

Veldm. Smuts het beweer dat die kommunisme inheems is, maar in alle lande opsien na Rusland vir morele en ander steun. Duitsland en Oostenryk bied nog groot gevare. Uit Moskou het daar onlangs geen hoop gekom vir vrede nie en die toestand is so donker soos die nag. Ook Suid-Afrika is betrokke by hierdie sake, het genl. Smuts verklaar.

S.A. EN OORLOG

Hy het Suid-Afrika se strategiese ligging en sy belangrikheid in enige toekomstige wêreldbotsing geskets en gesê dat die Unie geheel en al in die oorlog gesleep sal word weens sy geografiese posisie. Daarom moet hy gereed wees en sy magte sterk hou. **Genl. Smuts se toespraak is deur verskeie Britse blaaie as wensdenkery en onrealisties beskryf. Daar is op gewys dat dit onmoontlik is om te verwag dat Brittanje ooit op gelyke voet met Amreika en Rusland gebring sal kan word.**



**Genl. Smuts in San Francisco twee jaar gelede droom hier van die V.V.O. en die vetoreg as instrumente vir die skepping van „'n nuwe en gelukkiger tydperk vir die mensdom" soos hy by sy aankoms aldaar gesê het. Vandag verag hy sy droom en vestig hy sy hoop op „siek Brittanje."**

## SAL INDIËRS BLY BOIKOT

Die Suid-Afrikaanse Beskermingsbeweging wat die boikot teen die Indiërs loods, sal met hul stryd voortgaan, selfs al word die geskil tussen die Unie en Indië bygelê, aldus 'n besluit van die kongres wat verlede Woensdag in Pretoria gehou is. Afgevaardigdes oor die lengte en breedte van Transvaal het die kongres bygewoon. Die boikotbeweging het hier sy finale beslag gekry. Die konsep-akte van oprigting en statute is ook aan die kongres voorgelê. Die voorsitter van die aksiekomitee is prof. F. J. Labuschagne, van Potchefstroom.

## Militêre Diens Vir S.A. Vroue

Vroue sal in die vervolg op gelyke voet met mans in die Unie se verdedigingsmagte opgeneem kan word, kragtens 'n wetsontwerp wat genl. Smuts verlede week by die parlement ingedien het. Met hul skriftelike toestemming sal vroue volledige militêre diens kan verrig in die Unie se gewapende magte en oral waar hulle diens doen, sal hulle ook oor manlike minderes die bevel kan voer. Meisies sal ook as kadette opgelei kan word vanaf hul twaalfde jaar.

Origens maak die wetsontwerp voorsiening vir die erkenning van die Unie se vlootmagte buite sy eie waters.

## Katolieke Nie Gedeporteer

Met die repatriasie van die Duitsers uit Tanganjika is so te sê alle Duitse protestantse sendelinge en sendingwerkers verwyder, of het opdrag gekry dat hulle verwyder sal word. Vierhonderd-en-sewentig Duitse Rooms-Katolieke priesters, wat ook geïnterneer was, is egter almal toegelaat om in Tanganjika agter te bly en met hulle werk voort te gaan, volgens 'n mededeling van ds. J. G. Strydom, sendingsekretaris van die N. G. Kerk.

# Indiese Republiek Wil Vry Wees

**Indië is druk besig om voor te berei vir sy vryheid wat hom belowe is binne die volgende twaalf maande. Nadat die Britte in die begin van die jaar aangekondig het dat hulle Indië gaan verlaat, is die Indiërs besig om planne te beraam oor hoe hulle hul vryheid gaan aanwend.**

Onderhandelings tussen die onderkoning en die Indiese leiers het Maandag begin in verband met die oorhandiging van Indië. Dit beteken die begin van die einde van Indië se 150-jarige onderworpenheid.

Die grootste moeilikheid op die oomblik is die verskil tussen die Mohammedane en die Hindoes oor die verdeling van Indië. Na berig is, het die nuwe onderkoning van Indië, lord Mountbatten, onlangs na Engeland gevlie met 'n plan vir die verdeling van Indië.

Inmiddels hou die Indiërs hulle ook besig met die kwessie van 'n eie vlag en volkslied. 'n Komitee wat 'n vlag en volkslied moet uitsoek asook ontwerpe vir posseëls en muntstukke, sal binnekort deur die voorsitter van die Indiese Kongres aangestel word. Die huidige muntstukke en seëls het die kop van die Britse koning daarop.

Die Engelse het aanvanklik die hoop uitgespreek dat Indië net soos Suid-Afrika en die ander dominiums bereid sal wees om by 'n skynvryheid te berus, d.w.s. om in naam selfstandig te wees, maar in al sy doen en late Brittanje te dien.

**Hierdie hoop het 'n gevoelige terugslag gekry toe die Indiese minister van finansies kort gelede aangekondig het dat Indië uit die dollarpoel van die Britse Ryk gaan tree sodra hy sy sterlingbalanse in orde gebring het.**

Op die oomblik skuld Engeland hom die reuse-bedrag van £1,200,000,000, wat moontlik as slegteskuld afgeskryf sal moet word, te oordeel na die uitlatings van die Britse minister van finansies 'n paar weke gelede.

## Lewenskoste Styg Weer Onrusbarend

**Die lewenskoste in die Unie toon nog steeds 'n stygende neiging. In Januarie 1946 het die koste met 34 per sent vermeerder bo die basiese syfer van 100 in 1938. Aan die begin van hierdie jaar het ondersoek aan die lig gebring dat die styging reeds die 37 per sent kerf bereik het.**

**Die lewenskoste syfer wat deur die Buro van Sensus en Statistiek vir April verskaf is, toon 'n verdere styging van .7 persent bo dié van Maart, wat op 138.6 gestel was. Vanaf die begin van die jaar het die lewenskoste dus van 137 tot 139.3 gestyg, en daarby moet in ag geneem word dat die Buro se basiese syfer op 'n hopeloos ondoeltreffende berekening gegrond is.**

# Genl. Smuts Sluk Sy Woorde in oor Jode

**Genl. Smuts het hom bereid verklaar om 'n groot aantal van die Joodse ontworteldes wat nog in kampe in Sentraal-Europa verkeer, as „gekeurde" immigrante in Suid-Afrika toe te laat. Die Unie sal nie teen die Jode diskrimineer nie, het hy gesê toe hy sy onlangse uitlating dat hy Suid-Afrika nie met Jode gaan oorlaai nie, ingesluk het nadat daar druk deur Joodse ondersteuners op hom uitgeoefen is.**

Tydens sy mismoedige toespraak voor die senaat verlede week, het veldm. Smuts daarvan gewag gemaak dat die Internasionale Vlugtelinge-organisasie voor wie se beskerming daar sowat een miljoen ontwortelde persone in Sentraal-Europa is, die Unie versoek het om 'n deel van hierdie mense in die Unie toe te laat. Deur middel van die immigrasieskema sal hierdie mense na die Unie toegelaat word, het hy gesê. Spr. hoop om die toestand daardeur enigermate te verlig.

Genl. Smuts het na sy vorige uitlating dat 'n land nie met Jode oorlaai kan word nie verwys as 'n misverstand. Die Jode maak 'n groot aantal van die ontworteldes uit, maar hy het nooit gesê dat hy as sodanig teen hulle sal diskrimineer nie. Suid-Afrika maak geen verskil nie. Spr. hoop dat die Unie vry sal wees van anti-semitisme.

Toe genl. Smuts sowat ses weke gelede in die volksraad verklaar het dat uit vrees vir anti-semitisme hy nie joodse ontworteldes gaan ontvang nie, het Arthur Barlow's Weekly berig at daar iewers 'n fout moet wees met die Smuts-uitlating.

Onlangs het die Internasionale Vlugtelinge-organisasie in Switserland bekend gemaak dat Suid-Afrika hom bereid verklaar het om van die vlugtelinge uit Joego-Slawië in die Unie toe te laat. **Die regering het dit toe ten sterkste ontken. Ook hierdie ontkenning van die regering gaan nou in rook op in die lig van die jongste verklaring van die Eerste Minister.**

## *Kerk Veroordeel Sondagsport In Engeland*

Die gewete van die Britse kerk het begin ontwaak teen die Sabbatsontheiliging in daardie land. Vertoë is deur die Kerk van Engeland tot die regering gerig om 'n verbod te plaas op alle Sondagsport en arbeid op Sondag slegs toe te laat waar dit absoluut noodsaaklik is.

Die gebruik om op Sondag sportbyeenkomste in Engeland te hou, is so algemeen dat selfs die Britse koning, toe hy Suid-Afrika besoek het, in die openbaar tennis op Sondag gespeel het.

# Oudstryder Heengegaan

ESHOWE. — Die Eshowese kommando het 'n onherstelbare verlies gely met die afsterwe van oom Jan Barnard op 17 Mei. Hy is op 18 Mei onder blyke van groot belangstelling deur ds. J. H. Lourens ter ruste gelê. Hy laat sy weduwee, twee dogters en drie seuns na om sy heengaan te betreur.

Jan Hendrik Tobias Barnard is gebore te Philippolis, O.V.S., op 6 Oktober 1879. Hy in 1904 getroud met Anna Jacoba Vermaak wat hom oorleef. Oom Jan het die grootste gedeelte van sy lewe in Natal en veral Soeloeland deurgebring.

### OUDSTRYDER

Met die uitbreek van die vyandelikhede in 1899 het hy dadelik die wapen teen die Britse Empire opgeneem as gewone burger uit Wyk 3, Vryheid. Hy het aan die gevegte by Talana, Scheepersnek, Mooihoek, Italeni, Ladysmith, Spioenkop en Colenso deelgeneem. Op laasgenoemde plek was hy een van die eerstes wat die Britse kanonne bestorm en buitgemaak het. Gedurende die bestorming het hy handgemeen geraak met generaal Bullock en was op die punt om die Britse generaal met die kolf van sy geweer te slaan, toe hy belet is deur 'n Boere-offisier.

Hy was 'n geruime tyd verbonde aan die persoonlike lyfwag van generaal Louis Botha. Hy het ook meeste van die tyd tussen gevegte opgetree as rapportryer en spioen. Hoewel hy dikwels offisiersrang aangebied is, het hy dit altyd van die hand gewys en as gewone burger die stryd tot die bitterste einde deurgemaak.

In 1912 het hy genl. Hertzog gevolg na die Nasionale Party en was 'n ondersteuner van die Generaal tot sy dood.

### O.B.-KRAG

Met die stigting van die O.B. het oom Jan die krag en steunpilaar geword van die Eshowese kommando. Gedurende tye van verslapping het oom Jan se geesdrif steeds die fakkel brandende gehou. Gedurende die laaste twee jaar nieteenstaande smartlike lyding was hy lid van die kommandoraad. Gedurig het hy die manskappe laat bymekaar roep om hulle te vermaan en aan te moedig. Hy het sover sy gesondheid dit toegelaat het, alle saamtrekke bygewoon.

Die laaste vyf jaar van sy lewe het hy 'n bittere lyding deurgemaak. Sy innige belangstelling in volksake en bekommernis oor die verdeeldheid van sy volk het hierdie lyding vererger. Hy was getroue leser van die O.B. sedert sy verskyning en het die K.G. se toesprake byna van buite geken.

Oom Jan Barnard se lewe en voorbeeld was 'n aanmoediging vir alle brandwagte. Sy nagedagtenis sal die Soeloelandse kommando's nog lank sterk in hulle opdraande stryd. —(Korr.).

# Kerk Moet Tug Meer Handhaaf

'n Beroep dat die Kerk strenger tug moet handhaaf en moet toesien dat die kloof tussen die Kerk en die wêreld steeds dieper raak, is gedoen deur ds. J. F. Mentz, waarnemende voorsitter van die Raad van Kerke, wat verlede week in Durban vergader het.

Hy het verklaar dat in die raadsale van die wêreld daar nie meer met God as regter rekening gehou word nie. Die grenslyn tussen die Kerk en die wêreld word al kleiner. Ouderlinge en diakens word in die danssale aangetref, predikante neem beroepe aan selfs voordat hulle tien maande in 'n gemeente werksaam was. Ds. Mentz het aangedring op meer bestendigheid.

Hy het die oppervlakkigheid in leer en lewe betreur en gesê 'n nuwe tug wat tot die welsyn van die Kerk sal bydra, is nodig.

*TOT U DIENS . .*

**Geldenhuys Ingenieurswerke**

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

**Wynnestraat 13 — PAROW**

**Sien Advertensie onder Geklassifiseerde Advertensies.**

*Beskerm u Oë*

**Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.**

**Wahl, Lawrence EN KIE.**

**BRILMAKERS**

**Adderleystraat 120a, Kaapstad**

**Foon 22408**

*U Koop Altoos Die Jongste Modelle*

- HOEDE
- TABBERDS
- JASTE, ENS.

*by —*

***Steyns***

*Die Modewinkel*

**PAROW**

**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.**

**Voortrekkerweg – MAITLAND**

**EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE**

**Die alombekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drankies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie; maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.**

| PRYSLYS | Per bottel in kassies van 12 bottels | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Ou Port | 2/9 | — |
| Inwalide Port | 3/3 | — |
| Spesiaal Soet | 2/9 | 12/6 |
| Wit en Rooi Jeripiko | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Malmsey | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Muskadel | 1/11 | 9/6 |
| Soet Port | 1/11 | 9/6 |
| Port, Pontak, Worcester Hock | 1/10 | 9/- |
| Spesiale Sjerrie (Soeterig) | 1/10 | 9/- |
| Goudkleurige Sjerrie | 1/9 | 8/6 |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/6 | — |
| „Cocktail" | 4/3 | — |
| Vermouth (Droog of Soet) | 3/- | — |
| Swartberg Sjerrie | 2/9 | — |
| **DROË WYNE:** | | |
| Boergonje (Rooi) | 2/- | — |
| Riesling (Droë Wit) | 1/9 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling vaatjies. |
|---|---|---|
| **VONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante (Soeterig) | 10/3 | — |
| Grande Splendore (Droog) | 7/9 | — |
| Vonkel Boergonje | 8/9 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Aurora V.S.Q. (Die allerbeste) | 10/- | — |
| Eureka | 8/6 | — |
| A.1. | 8/- | — |
| Royal | 8/6 | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEUR:** | | |
| Peperment, Perske, Appelkoos, Piesang | 7/- | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Naaltjie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| **JENEWER (GIN):** | | |
| Droë, Lemoen, Suurlemoen | 7/6 | — |

VERKOOPSVOORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gelling vaatjie, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaatjie of 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvangs van die leë goed, vraggeld betaald na Vlakteplaats-stasie. (3) Stuur kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste stasie.

**EXCELSIOR WYNMAKERY (EDMS.) BPK.**

**POSBUS 1, VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.**

***PAS ONTVANG VAN OORSEE***

**SWALLOW**

**REËN-, WARM- EN GABERDIEN-JASSE.**

**PRYSE BAIE BILLIK**

***Plaas dadelik u Bestelling by***

**Van Zyls** DIE MANSWINKEL

**Foon 791 — Posbus 233**

**HOOFSTRAAT PAARL**

- **DIE KEUR VAN DIE WÊRELD SE BESTE BOEKE!**
- **KEURIG EN VOLLEDIG VERTAAL DEUR DESKUNDIGES!**
- **DIE NUWE LETTERKUNDIGE BEWEGING IN AFRIKAANS!**
- **NUWE VERGESIGTE VIR DIE LIEFHEBBER VAN GOEIE BOEKE!**
- **DIE MEES HOOGSTAANDE BIBLIOTEEKSKEMA WAT OOIT IN AFRIKAANS AANGEBIED IS!**

**DIE Vergesig-Boekery**

**REEDS VERSKYN:**

Nr. 1 — **Die Gierigaard se Dogter,** deur Honoré de Balzac **10/6**

Nr. 2 — **Tien Jaar Tronkstraf,** deur Silvio Pellico, **10/-**

Nr. 3 — **Die Lyding van die Jong Werther,** deur Goethe.

Hierdie vertalings is deurgaans as uitstekend en getrou bestempel, deur tydskrifte, die radio en die groot leserspubliek. Allerweë is dit verwelkom as 'n nuwe en verfrissende rigting in ons letterkunde.

**EERSDAAGS VERSKYN:**

Nr. 4 — **Mevrou Bovary,** deur Gustave Flaubert. Die juweel van die wêreld se romankuns in Afrikaans.

Nr. 5 — **Die Nes van Edeles,** deur Toergenev. Die eerste groot Russiese roman, regstreeks vertaal in Afrikaans

Nr. 6 — **Ekkehard,** deur Van Scheffel. Die unieke werk oor die romantiese kleurryke Middeleeue.

Nr. 7 — **Die Gelukbringer,** 'n verhaal van die Bartholomeusnag (Das Amulet), deur C. F. Meyer.

Nr. 8 — **Uit die Lewe van 'n Deugniet,** deur Eichendorff.

Nr. 9 — **Adolphe,** deur Benjamin Constant.

Nr. 10 — **Die Wêreldjie van Vroeër,** deur Fogazzaro.

Nr. 11 — **Die Held van die Dnjeper** (Taras Bulba), deur Gogol.

**Vroeg in 1947 verskyn die eerste nommer van die „Groot Denker-Reeks" in die Vergesig-Boekery. —— Skryf om Besonderhede.**

— — — — — — — — — — — Skeur af — — — — — — — — — — —



L. & S. BOEK- EN KUNSSENTRUM,
Posbus 4892 — JOHANNESBURG.

Geliewe my naam op te neem as intekenaar op die VERGESIG-BOEKERY. Stuur Nrs. 1, 2 en 3 ook saam. Ek belowe om die rekenings binne 30 dae na die ontvangs van die boeke te betaal.

NAAM ..........................................

ADRES ..........................................

..............Datum ..............................Handtekening

***Geskiedenis deur Kuns!***

**MY KWAS VERTEL**

**Deur W. H. COETZER .. .. .. .. .. .. 40/-, Porto 2/-**

**Die Geskiedenis van Suid-Afrika, insonderheid die Groot Trek, die Vryheidsoorloë en die Eeufeesjaar, in beeld soos deur die kunstenaar gesien 111 Afdrukke waarvan vier in kleure. Grootte: 7½ dm. x 10 dm. 242 bladsye gebind in goeie linne.**

***Die Verstedeliking van die Kerk!***

**KERK EN STAD**

**Deur Ds. J. R. Albertyn, Ds. P. du Toit en Ds. H. S. Theron .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 6/9 posvry.**

**Verslag van die Kommissie van Ondersoek van die Gefedereerde N.G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestaande in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika.**

**Wat is die betekenis van die doop? Waarom doop ons iemand? Wie mag gedoop word? Op hierdie vrae en nog baie ander kry u 'n duidelike antwoord in**

**DIE CHRISTELIKE DOOP**

**Deur Ds. J. D. VORSTER .. .. .. .. .. .. 2/3 posvry.**

**Die verhouding van die jong man en jong meisie tot hul Toekomstige Huis**

**EK EN MY HUIS**

**Deur C. en D. VAN ROOY .. .. .. .. .. 2/6 posvry.**

1. **Die Vrou en haar Huis.** — Briewe van 'n moeder aan haar dogter, wat op troue staan.
2. **Die Man en sy Huis.** — 'n Vader verduidelik aan sy seun wat sy verhouding tot sy huis moet wees.

**Pro Ecclesia-Boekhandel**

**Posbus 29 STELLENBOSCH**

„DIE O.B.," WOENSDAG, 4 JUNIE 1947

# Totale Mislukking

Genl. Smuts het verlede week in 'n toespraak voor die senaat die Unie versoek om gereed te maak vir die volgende oorlog. In dieselfde asem het hy 'n reeks mislukkings erken van hom en sy bondgenote. Genl. Smuts het erken dat die oorlog „om die vier vryhede" misluk het omdat daar, volgens hom, in die plek van die „groot lande" teen wie oorlog gemaak moes word om die wêreld „vry van vrees" te maak, nou „twee superstate" gekom het wat die vrede dermate bedreig dat „siek Brittanje" met alle mag op die been gehelp moet word om die vrede te probeer red — dieselfde Brittanje wat, toe hy „Groot" in plaas van „siek" was, die onmiddellike oorsaak van die oorlog was deur sy uitdagende waarborg aan Pole wat op Duitse gebied gesit het.

Dat die oorlog 'n poging van Brittanje was om homself as 'n grootheid teenoor opkomende Duitsland te handhaaf, is intertyd heel fyntjies verbloem met die kreet dat die oorlog behalwe die „vier vryhede" ook gegaan het teen 'n ideologie. En om daardie ideologie, wat deur sy profeet beskryf is as geen uitvoerproduk nie, te vernietig, is deur genl. Smuts en die syne gemeensaak gemaak met die „duiwelse evangelie" van Moskou, wat deur sy profete wel openlik as 'n uitvoerproduk beskryf word.

**Toe Duitsland in volle besef van sy nederlaag 'n beroep op die Weste gedoen het om vrede te sluit ten einde die vloedgolf uit die Ooste te keer, het genl. Smuts en sy siek Brittanje daardie aanbod van oorgawe verwerp en aangedring op 'n totale nederlaag — selfs nadat die Hitlerbewind teen wie dit kamma gegaan het — oorboord gegaan het. En ná die totale nederlaag het genl. Smuts en sy siek Brittanje by Potsdam saam met Stalin besluit tot totale plundering van Duitsland en lg. slegs toe te laat om horlosies te maak; maar selfs hierdie krummel van toegewing het Brittanje in sy sak gesteek toe hy die Duitse horlosiefabrieke laat afbreek en na Engeland ontvoer het.**

En nou beklaag genl. Smuts die feit dat Duitsland deur Brittanje en Amerika met 'n lepel gevoer moet word as 'n nuwe oorsaak van wêreldonrus, en sien hy die wêreld se heil in meer groot moondhede.

Die totale oorlog wat genl. Smuts en Brittanje wou voer tot die totale nederlaag van Duitsland, blyk dus nou ná soveel lyding en koste 'n totale mislukking te wees.

En in sulke omstandighede verwag genl. Smuts dat die volk van Suid-Afrika aan hom 'n nuwe mandaat moet gee om voor te berei vir oorlog ten einde die wêreld te red van 'n nuwe vrees en 'n „nuwe" ideologiese gevaar.

Oor wat Suid-Afrika se houding sal wees ten opsigte van die volgende oorlog wat sal opstaan uit die as van genl. Smuts **se mislukking, sal diegene besluit wat van lie begin af teen die dwaashede gewaarsku het, en nie hulle wat klaar hul politieke bankrotskap bewys het nie.**

Genl. Smuts, net soos sy vriend, Churchill, was nog altyd „groot" in tye van oorlog, maar die gevolge van die afgelope oorlog het hulle albei klein gemaak, en klein sal hulle van die politieke toneel verdwyn.

# LEDE SELF PLEIT VIR AFSKAFFING VAN PROV. RADE

**Die afskaffing en hersiening van die stelsel van provinsiale rade is verlede week deur lede van die Kaaplandse Provinsiale Raad bepleit na aanleiding van die magteloosheid en „bankrotskap" van die stelsel. Lede van die H.N.P. sowel as van die Verenigde Party het hierdie mening uitgespreek en by die Administrateur aangedring om oorweging aan die saak te skenk.**

Mnr. B. Coetzee (V.P., Port Elizabeth) het verklaar dat die raad geen eer meer het nie. Dit is sy ereplig om vrye hospitaaldienste te gee, maar hy kan sy verpligtings nie nakom nie. **Wat is nou so heilig omtrent die stelsel, het spr. gevra. Dit is die hoogtepunt van onverantwoordelikheid om so voort te gaan wel wetende dat dit nie kan werk nie.**

„As drastiese veranderings nie deur die Administrateur in die vooruitsig gestel word nie, sien ek nie kans om vir die begroting te stem nie."

NASIONALE KONVENSIE

Mnr. Coetzee het aan die hand gedoen dat 'n nasionale konvensie van provinsiale raadslede saam met ander belanghebbendes belê word om die hele stelsel van provinsiale rade te heroorweeg.

Mnr. A. P. Venter (H.N.P., Stellenbosch) het beklemtoon dat die provinsiale raad op 'n stadium gekom het waar hy nie verder kan gaan nie. Selfs onder die publiek word daar reeds verwytende vingers na die raad gewys. „**Ons het reeds ons onmag teenoor die publiek erken, en moet nou oorweeg of ons voortbestaan nog geregverdig is.**"

Mnr. P. Hamersma (H.N.P., Albert-Colesberg) het verklaar dat die provinsiale raad nie meer in staat is om vir die onderwys te betaal nie, en dat dit tyd geword het dat die regering dit oorneem.

Die tyd het aangebreek dat die hele provinsiale stelsel in heroorweging geneem moet word, het spr. gesê.

# DIE PROVINSIALE STELSEL — SKAF HOM AF!

**Die belaglikheid van die huidige stelsel van verdeelde beheer tussen die sentrale en provinsiale regering ten opsigte van dieselfde aangeleenthede, het die afgelope weke tydens die sitting van die Kaaplandse Provinsiale Raad weer baie duidelik op die voorgrond getree en die noodsaaklikheid van 'n verenigde staatsbestuur baie sterk beklemtoon.**

**Dit is nie net die mening van die algemene publiek wat al meer onder die indruk kom van die soort lappies-regering nie, maar ook van gesaghebbende persone wat daagliks te kampe het met die probleme wat die verdeelde beheer skep.**

Die stelsel van provinsiale rade wat deur die huidige geslag reeds as 'n noodsaaklike euwel aanvaar is, spruit voort uit 'n kompromis van 1910 toe sekere pligte aan die provinsies oorgelaat is om hulle 'n mate van bevrediging te gee — **'n behoefte wat hoofsaaklik uit sentiment ontstaan het.** Die belangrikste take wat onder die Unie-grondwet aan hulle opgedra is, is onderwys (behalwe hoër onderwys), hospitale en liefdadigheidsinrigtings, paaie, ens., terwyl daar later in 1913 verdere take aan hul opgedra is soos die uitroei van ongediertes, lisensies vir voertuie en vermaaklikheidsplekke, armesorg, beheer oor biblioteke en kunsgalerye, ens.

**Die skepping van twee verantwoordelike owerhede was eintlik bedoel om die oorgangstadium moontlik te maak. Die kleiner provinsies, veral Natal was bang dat hy indien hy alle pligte aan die sentrale regering oordra, hy deur die Afrikaanse elemente oorskadu sou word, en het aangedring op hierdie soort regering.**

NOG DIEPER

Om die stelsel van verdeelde beheer nog dieper te kloof, sit Kaapland ook nog met 'n afdelingsraadstelsel wat die provinsiale owerheid moet help met die uitvoer van sy pligte. Dit is hoofsaaklik 'n erfenis van die Britse bewind in die ou Kaapkolonie, **en die oorbodigheid van hierdie stelsel waaraan sekere gesondheidsdienste, die uitroei van ongediertes, maak van paaie, ens., toevertrou is, blyk uit die feit dat daar in geen ander van die drie provinsies sodanige afdelingsrade bestaan nie, en hulle in geeneen van hierdie dienste by Kaapland agter staan nie.**

VERDUBBELING

Dit is opvallend dat daar geen taak is waarmee die provinsiale owerheid belas is, wat nie ook deur die sentrale regering behartig word en waarvoor daar nie reeds 'n staatsdepartement is nie. Dit is slegs nodig om gesondheid, paaie en onderwys as voorbeelde te noem.

**Vir elk van hierdie take bestaan daar reeds 'n staatsdepartement met opgeleide amptenare en kan hierdie take regstreeks onder die sentrale regering ingeskakel word. Vandag bestaan daar vir dieselfde taak twee verskillende departemente met twee verskillende stelle amptenare wat nie alleen die administrasiekoste in die hoogte laat spring nie, maar ook verbrokkelend inwerk op die moderne staatsmasjinerie.**

VERMINKTE GESONDHEID

Die so uiters belangrike gesondheid van die volk berus by drie liggame wat elk net 'n sekere afgebakende deeltjie doen en die diens in talle brokkies versnipper.

Die plaaslike besture is belas met uitvoerende verantwoordelikheid vir nie-persoonlike sowel as persoonlike gesondheidsdienste in sover dit besmetlike siektes betref, en in Kaapland dra dit ook nog 'n deel van die geldelike verantwoordelikheid vir algemene hospitale. **Die provinsiale owerheid is belas met die beheer van hospitale en mediese bystand aan armes en mediese ondersoek van skoolkinders. Die sentrale regering beheer weer gestigte vir sielsiekes en gee origens leiding waar nodig.**

GEEN VERBASING

Met so 'n ingewikkelde wetgewing en administrasie ten opsigte van gesondheid, met so 'n verdeling van verantwoordelikheid tussen verskeie openbare owerhede en met dienste so afhanklik van verdeelde beheer, wek dit dus geen verbasing dat die Unie se gesondheidsdienste in so 'n toestand van verval verkeer nie. Dit skep die indruk van 'n lappieskombers.

Die verdeling van beheer is die oorsaak dat daar vandag geen vooraf opgestelde plan vir ons volksgesondheid bestaan nie. Die verslag van 'n staatskommissie met 'n aanbevole plan vir die gesondheidsdienste is kort gelede deur sy eie voorsitter as onprakties verwerp nadat hy Minister van Gesondheid geword het. **Hy het eenvoudig op die jaloerse aanspraak van die kleinere gesaggies gestuit, wat geen regte wou prysgee nie, maar ook oor geen middele beskik om doeltreffend op te tree nie.**

Wat onderwys betref moes onderwysers in Kaapland geslagte lank dieselfde werk doen teen swakker besoldiging as hul kollegas in ryker provinsies. **En om aan hierdie ongerymdheid 'n einde te maak, word die Kaaplandse belastingbetaler nou ekstra belas, terwyl die belastingdruk vir burgers in die ander provinsies juis verminder is.**

## Fondse vir O.B.

By geleentheid van 'n O.B.-funksie te Witrandsfontein is 'n bedrag van £8 9s. 7d. deur veldkornette H. L. Viljoen ingesamel, na die kantoor van die Gebiedsleier in Johannesburg berig.

# Sjina Verbied Dans As Onsedelik

**Die Sjinese volksraad in Nanking het, volgens Sapa-Reuter berig, 'n verbod op gemengde danse dwarsdeur Sjina geplaas. Die raad het sy besluit gegrond op die oortuiging dat openbare danse tot onsedelikheid lei.**

**Nagklubs in Nanking het reeds alle dansery gestaak en bepaal hulle tans net tot sang.**

**Die Sjinese leier Tjiang Kaisjek (wat 'n Christen is) het die debat ingelei en gesê dat hy 'n voorstander is van akrobatiese dans wat geen kontak met 'n maat vereis nie, maar dat die gemengde dansery verantwoordelik is vir baie van die „barbaarse gedrag" in die westerse maatskaplike lewe. Dit breek huwelike op en ruïneer jongmense. Negentig lede het vir die verbod gestem en 69 daarteen, terwyl 21 buite stemming gebly het.**

# S.A. Skoennywerheid Op Britse Altaar

**Volgende op sy verbod op die invoer van Suid-Afrikaanse sagtevrugte, het Engeland nou ook die invoer van skoene uit die Unie verbied, hoewel hy self nog skoene na Suid-Afrika uitvoer.**

Die Unie se skoennywerheid word met 'n ernstige terugslag bedreig as gevolg van hierdie verbod. Die gevaar bestaan dat baie fabrieke werkloos sal word aangesien die skoenmark skielik versadig geword het. Intussen voer die Unie nog op groot skaal skoene van Engeland in om die mark nog meer versadig te maak.

Gedurende 1946 het die Unie skoene ter waarde van £100,000 van Brittanje ingevoer terwyl Engeland op sy beurt weer £60,000 se skoene van Suid-Afrika ingevoer het. Hierdie wederkerige handel is nou deur Engeland beëindig.

In sy poging om Engeland te help, hou die Unie maar aan met die invoer van skoene ten koste van sy eie bedryf wat met moeite opgebou is.

'n Soortgelyke situasie het ook kort na die Eerste Wêreldoorlog ontstaan toe een na die ander skoenfabriek in ons land verplig was om sy deure te sluit.

In antwoord op kritiek het die Cape Times verbasing uitgespreek dat hierdie diskriminerende optrede veroordeel durf word. Die kritici, aldus die blad „verloor heeltemal uit die oog dat Engeland 'n harde stryd voer om die gaping tussen sy in- en uitvoer te oorbrug!"

DIE Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B." VAN WOENSDAG, 4 JUNIE 1947

# DREIGENDE GEVAAR

**Soos winde nie die koers bepaal**
**maar wel die stuur en seil,**
**so ook ons lewensideaal:**
**„Hou Koers," beslis ons heil.**

Diegene van ons wat al koerante lees, het seker opgemerk dat die studente en ander jong mense in die laaste tyd net lelik geraps word. Die vernaamste aanleiding was die hospitaaljole van Kaapstad en Johannesburg. Ook „Die O.B." van 21 Mei spreek 'n ernstige woord oor „Studente-verval."

Miskien dink ons seuns en dogters dat dit hulle tog nie raak nie, want hulle is nog nie studente nie. En miskien dink hulle dan daarby dat hulle tog nooit sulke dinge sal aanvang nie! Nou wel, ons hoop nie so nie, maar daardie jongmense van vandag was miskien verlede jaar of twee jaar gelede nog maar leerlinge op 'n hoërskool; sommige van hulle was waarskynlik Voortrekkers of selfs lede van die Boerejeug! In alle geval kom onder die skuldiges seker menige jong Afrikaner voor.

ONS LEERSKOOL

Seuns en dogters, dis 'n gevaar wat ook vir julle voorlê. Daar kom 'n dag dat julle onder die oë van ouers en onderwysers uitkom en dan sal blyk wat en wie julle is. Solank ons in die ouerlike huis of onder die gesag van die onderwyser verkeer, is dit nie so swaar om koers te hou nie, al was dit soms alleen uit vrees vir straf. **Die vraag is of ons nog die regte paadjie sal bewandel as hulle nie meer daar is om ons reg te lei of reg te dryf nie.**

Die klein voëltjie word deur sy ouers die vliegkuns geleer, maar op 'n goeie dag los hulle hom en dan moet hy self oor die weg kom. As hy dan nie vlieg soos hy geleer is nie, kan sy vryheid — en selfs sy lewe — van korte duur wees.

Dieselfde geld vir die Boereseun of -dogter. Pa en ma leer hulle die eerste beginsels van hul weg, die onderwyser sit 'n handjie by, en op dié manier word vir die jong Afrikanertjie die regte koers voorgehou. Die dag kom egter waarop hy of sy alleen sal moet loop. Sal die koers dan nog dieselfde bly, of sal die eerste die beste maat 'n ander paadjie voorhou, weg van die ouerlike voorskrif en weg van die pad van Suid-Afrika?

ONS ROEPING

Ons hoor van jongmense wat hul tyd en kragte aan drank en kaartspel ten offer bring, wat ordentlikheid en eerbaarheid afsweer. Ons lees van jong Afrikaners wat vergeet dat die blanke 'n eie hoë roeping en plig in Suid-Afrika het, en dat ons aan daardie roeping getrou moet bly. Is dit nie vreeslik dat boerekinders met naturelle en kleurlinge omgaan asof hulle in alle opsigte hul gelykes is nie?

**Boereseuns en Boeredogters, ons moet God dankbaar wees vir ouers wat die Here vrees, vir onderwysers wat ons in die goeie rigting help opvoed, vir offisiere wat ons reg wil lei. En ons moet bid dat ons eenmaal sterk genoeg mag wees om self die aangewese pad verder te bewandel. Dan sal ons waarlik vry wees en nie die slaaf van enigeen wat die ou beproefde boeregewoontes en Afrikaanse ewenstyl te ouderwets of eenvoudig vind nie. Eenvoud en waarheid het ons volk ver gebring. Die ingevoerde moderne grootdoenery met sy valsheid en bedrog ondermyn ons bestaan. Ons einde as volk is baie naby as ons jongmense hul aan ontaarding oorgee.**

## *Verjaardagketting*

**5 — 18 JUNIE**

5 JUNIE: Lettie Nienaber, Grootfontein, S.W.A.; Arnoldeen Dempers, Heidelberg, K.P.
6 JUNIE: Rachel Hugo, Rawsonville; Elsie van der Heever, Vaalkop.
8 JUNIE: Marieta Broodryk, Loxton; Renetta Grobler, Zeerust.
10 JUNIE: Maria Kilian, Middelburg, Tvl.
12 JUNIE: Martha du Preez, Groot Marico.
13 JUNIE: Elna Kruger, Paarl; Sarah Nieuwoudt, Vryburg; Sarel Nieuwoudt, Vryburg.
14 JUNIE: Inno Botha, Luckhoff; Henriette Sohnge, Stellenbosch; Anna Willemse, Bultfontein.
15 JUNIE: Villicia de Kok, Stellenbosch.
16 JUNIE: Adriaan van der Westhuizen, Kakamas-Oos; Hester Goosen, Wellington; Anna Booyens, Cedarville.
17 JUNIE: Susanna du Toit, Zeerust.
18 JUNIE: Francois Jacobs, Vaalwater; Susanna Kriel, Stella.

**(Kyk ook op bladsy 6)**

# *Kaartwerk*

Hieronder sien julle 'n netjies-afgeronde skets van ons dorpie Bovlei en omgewing. Kyk mooi daarna, dan sal julle opmerk dat die tekening nie somaar na willekeur gemaak is nie, maar dat dit 'n presiese weergawe van die werklike landskap is. Elke pad is noukeurig gemeet, nie net afstande nie, maar ook die rigting; kyk daar is die bos wat ons kastig al partykeer „spoke" in gesien het, daar is die oorgang by die spoorlyn waar julle Saterdagmiddag was, en kyk, daar is die poskantoor en kerk ook.

Om hierdie dorpie van ons en sy omgewing so netjies op papier te kon weergee, het werk gekos. Hoe dit gedoen is, en hoedat elkeen van julle dit ook kan doen, gaan ek vandag vir julle so 'n ietsie van vertel. Onthou julle nog hoe om die kompas te lees? Nee; gaan dit dan gou weer 'n keer na. Sien ons blad van 4 Desember.

Eers moet ons natuurlik vasstel watter landskap ons wil teken. Ek sal julle aanraai om as 'n eerste poging eers 'n kleinerige area te probeer skets, sê b.v. 'n paar erwe grond wat aan alle kante deur strate omgrens word.

Onthou, ons sal vereers 'n stuk papier, 'n sagte potlood en 'n kompas nodig hê. Het julle dit? Nou goed.


Gaan staan nou by die punt waar jy jou opmetings gaan begin — ons sê dit is op die hoek van 'n straat. Maak terselfdertyd 'n dotjie op jou papier wat die plek waar jy staan, voorstel. Hierdie plek noem ons die aanvangspunt. Hou nou 'n punt aan die ander einde van die straat dop, hou jou kompas plat op jou hand soos ek reeds voorheen verduidelik het, en kyk in watter rigting die voorwerp wat jy dophou, van jou af is. As ons horisontaal oor die kompas kyk, sien ons b.v. dat die voorwerp daar aan die einde van die straat 25 grade Noordwes van ons is. Trek nou 'n streep op jou papier van die dotjie af en skryf daarlangs N.25.W. Ons tree nou die lengte van die pad tot by die gemelde voorwerp af en skryf die afstand langs die streep wat ons getrek het, neer — sê 200 tree.

O liewe land, maats, ek het nog net begin skryf en die ruimte wat vir hierdie artikel aan ons afgestaan is, is alweer gedaan. Volgende keer gaan ons verder dan gee ek vir julle 'n tekening van wat ons sover gedoen het — kyk of julle s'n dieselfde gaan lyk. Hou intussen die bostaande skets totdat ons weer daarmee werk. Kyk hier, ek kom net met my ruimte uit — verder kan ek nie, dan is ek dwarsoor die volgende berig.

## BESIT JY AL EEN HIERVAN?

K.G.-knopies .. .. .. .. 9d.
K.G.-portrette .. .. .. .. 1/-.
Boerejeugkentekens (12 dm. x 14 dm.) .. .. 2/6
Handleiding vir offisiere (doel, organisasie, ens.) 6d.


**Bestel dadelik by Boerejeughoofkwartier.**




# Afdelings Presteer

„OPSAAL"

Dit is die naam van die maandbladjie wat die Boerejeug van Kaapstad-Sentraal reeds vanaf die einde van verlede jaar uitgee, en aan Veldkornet du Toit kom al die lof toe vir hierdie pragtige prestasie.



Boerejeug op vlagparade tydens laertrek op Rawsonville.

Hulle het klein begin, deur die bladjie af te rol en net in die veldkornetskap te sirkuleer, maar die leserskring het vinnig uitgebrei en honderde Boerejeug, veral in die Skiereiland en omgewing, sien elke maand gretig uit na „Opsaal", wat nou ook nie meer afgerol word nie maar wel gedruk word, met pragtige foto's.

SKIEREILAND BEDRYWIG

Op 'n gesellige middag- en aandfunksie wat deur Kaapstad-Sentraal gereël is, het die dogters die seuns uitgestof in 'n kompetisie vir die Tafelberg-beker. Die aand is 'n baie gesellige kampvuur gehou waar genl. J. de Vos die jeug toegespreek het. Ook lede van die Nasionale Jeugbond was welkom en het lustig saamgesing. Selfs bus-kondukteurs het kom soek na 'n lekker koppie warm koffie!

'n Naweeklaertrek is deur die Boerejeug van die Skiereiland gereel op die plaas Loevenstein, naby Bellville. Daar het hulle die geleentheid gehad om die wynmaakproses in die parskelders te aanskou. Die dogters het verder veel i.v.m. kleremakery geleer, terwyl die seuns aan skyngevegte delgeneem het. Ds. J. D. Vorster het die godsdiensoefening Sondag kom waarneem, en by die laaste vlagparade is 'n veldstoeltjie aan die „kamp-ma", mev. M. A. Basson, oorhandig.

RAWSONVILLE-LAERTREK

Op die plaas Kliphoutkloof, het die Boerejeug van Rawsonville, Worcetser, en Robertson van 18 tot 21 April laergetrek. Die aanwesigheid van Veldkornette Strassberger van Wellington, en Hoofkommandant Rabie van Worcester, wat Saterdagaand 'n besielende praatjie met die jeug gehad het, word hoog op prys gestel.

Die kampvuurprogramme was besonder goed en pryse is toegeken aan die beste voordragte. Al die werksaamhede was daarop gemik om die laertrek vir die jeug so leersaam as moontlik te maak, en onder leiding van Veldkornette Strassberger is die sang ook nie verwaarloos nie.

Na 'n verfrissende swem Maandagoggend, is die laer afgebreek en moes almal weer huiswaarts om te gaan toepas wat hul geleer het.

# Wenke Aan Veldkornette(s)

Die nasien van die pas-afgelope wedstryd, het ons baie interessant gevind en offisiere sal baie baat vind deur die uitslag 'n bietjie noukeurig te bestudeer. Let veral op die verskil in die voorkeur van dogters en seuns. Ons noem 14 van die onderwerpe in die juiste volgorde wat die meeste voorgekom het.

SEUNS:

(1) Die Organisasie, strewe, dissipline, ens., van die Boerejeug.
(2) Biografië van Suid-Afrikaanse helde en heldinne op alle terreine.
(3) Geskiedkundige verhale en vertellings, o.a. uit die interneringskampe.
(4) Veldwerk, spoorsny, sein, ens.
(5) Boeresport en Volkspele.
(6) Eerstehulp en Tuisverpleging.
(7) Boerderymetodes en Landsdiens.
(8) Hout-, karton-, en blikwerk.
(9) Feite omtrent verskillende beroepe.
(10) Fotografie.
(11) Bybelkennis.
(12) Algemene nuusoorsigte.
(13) Wetenskaplike brokkies
(14) Verskillende staatstelsels.

DOGTERS:

(1) Eerstehulp en tuisverpleging.
(2) Huishoudkunde- en naaldwerkwenke.
(3) Musiek, sang en toneel.
(4) Die organisasie, strewe en dissipline van die Boerejeug.
(5) Geskiedkundige verhale en vertellings, o.a. uit die interneringskampe.
(6) Biografië van Suid-Afrikaanse helde en heldinne op alle terreine.
(7) Boeresport en Volkspele.
(8) Bybelkennis.
(9) Fotografie.
(10) Feite omtrent verskillende beroepe.
(11) Huisversiering.
(12) Boekbespreking en ander letterkundige stof.
(13) Veldwerk, spoorsny, sein, ens.
(14) Fisiologie en gesondheidsleer.

Hierdie keuse moet mens in gedagte hou wanneer jy met seuns of dogters werk, hoewel dit natuurlik geen vaste volgorde is nie. Plaaslike omstandighede mag meebring dat u afdeling 'n ietwat ander keuse sou doen. Toets gerus die 24 onderwerpe wat in hierdie wedstryd gebruik is, aan hulle smaak, of stel vir uself 'n lys saam wat hulle dan rangskik volgens eie keuse.

Geeneen van die deelnemers was jonger as 12 jaar nie, dus kan ons bostaande beskou as 'n goeie weergawe van die algemene belangstelling van die grotere Boereseuns en -dogters. Volgende keer bespreek ons 'n paar van die onderwerpe wat, volgens bostaande lyste, algemeen byval vind by die jeug.

# Amerika Vernietig Voedsel Te Midde Van Hongersnood


**Onderwyl die sterftesyfer in Duitsland en ander Europese lande weens verhongering in die hoogte styg, is kapitalistiese Amerika besig om sy oorskot voedsel te vernietig. Gedurende Mei, toe daar 'n nuwe noodoproep uit Duitsland gekom het waar die bevolking op laer rantsoen geplaas is as die inwoners van die berugte Belsen-kamp, is groot hoeveelhede aartappels in die staat Alabama ongeskik vir gebruik gemaak deur paraffien daaroor te gooi ten einde oorvoering van die mark te voorkom.**

By 'n vorige geleentheid vanjaar is aartappels oor die lande gestrooi en met rollers fyngetrap om te dien as bemesting.

Desondanks het die Amerikaanse minister van landbou verlede week voorspel dat die grootste voedselkrisis vir die wêreld aanstaande jaar verwag kan word. Hy verklaar dat tensy alle voorsorgsmaatreëls getref word, die wêreld voor die grootste ramp staan.

## Veroweraar Neem Wraak

Gedurende die afgelope week het die Geallieerdes 49 Duitsers wat „skuldig bevind" is aan oorlogsmisdade, opgehang. Twee-en-twintig is op een dag tereggestel, terwyl die ander sewe-en-twintig die volgende dag opgehang is. Hulle het met tussenposes van sewe minute na die galg marsjeer.



**'n Hoop aartappels wat in Amerika verlede maand met lampolie onbruikbaar gemaak is teneinde die mark te beheer.**

# Buurstate Kry Volop Seep Uit Unie

**Besoekers aan die buurstate van die Unie krap hul koppe omdat hulle nie kan verstaan waarom hulle volop seep van Suid-Afrikaanse fabrikaat daar kan koop nie, terwyl dit iets is wat moeilik meer in die Unie verkrygbaar is. In die eerste helfte van verlede jaar het die regering byna een en 'n half miljoen pond seep na hierdie gebiede uitgevoer.**

In 'n onderhoud met die Departement van Handel en Nywerheid is Die O.B. meegedeel dat die Unie 'n sekere voorraad olie en vette uit die internasionale poel ontvang met voorwaarde dat hy ook seep aan sy buurstate moet lewer. Daar is te kenne gegee dat hierdie lande — die name van Rhodesië en Mosambiek is genoem — nie hierdie kwotas direk ontvang nie maar deur middel van die Unie.

**Dit wil egter voorkom dat die Unie òf baie meer as hierdie kwota terwille van handelsbelange aan die buurstate lewer, òf dat hy 'n baie swak standpunt ingeneem het by die internasionale ooreenkoms en sy eie verbruik hopeloos te laag aangegee het.**

Inmiddels het die Unie ten koste van sy eie verbruikers wie se seepvoorrade tot 'n minimum gerantsoeneer is, gedurende die ses maande verlede jaar honderdduisend pond seep aan besoekende skepe gelewer, in so 'n ruime mate dat hierdie skepe vir 'n hele paar reise genoeg seep gehad het.

## Meer Vryheid Vir Eerste Oortreders

Die regering het besluit om by wyse van proefneming groter vryheid te verleen aan eerste oortreders van die wet. Vanaf hierdie week word 'n groot aantal eerste oortreders uit die Sentrale Gevangenis, Pretoria, na die interneringskamp te Baviaanspoort verplaas waar hulle op 'n heelwat losser voet en onder beter toestande hul vonnisse sal uitdien. Die plan is deel van 'n hervorming van die Unie se strafstelsel. Daar is gevoel dat baie mense per ongeluk in die tronk kom en dan later geharde misdadigers word onder verkeerde invloede.

## Engelse Tiksters Bepaal Taalbeleid vir S.A.-Huis

Van die Unie se diplomatieke verteenwoordigers in Amerika en Engeland kan geen brief in Afrikaans ontvang word nie, na Die O.B. meegedeel is deur Suid-Afrikaanse toeriste wat met hierdie buitelandse kantore in aanraking was.

Aan die hoof van die Unie se inligtingsdiens in Amerika staan mnr. H. M. Moolman, maar toe 'n brief aan sy kantoor geskryf is in Afrikaans deur 'n Afrikaner wat sy dienste nodig gehad het, is dit in Engels beantwoord. Dieselfde ondervinding is opgedoen van Suid-Afrika Huis in Londen. Afrikaanse briewe is in Engels beantwoord. Toe daar navraag gedoen is omtrent hierdie ongerymdheid is die toeris meegedeel dat die salarisse vir tiksters so swak is dat geen Suid-Afrikaanse tikster gevind kan word nie en dat van Engelse tiksters daar plaaslik gebruik gemaak moet word. Hierdie meisies ken nie Afrikaans nie, en daarom word briewe maar in Engels gedikteer!

# Hewige Stryd Oor S.A. Duitsers

**Feitlik alle hoop vir die gedeporteerde Tanganjika-Duitsers wat onder weg na Duitsland is, het verdwyn met die besluit van die Britse regering verlede week dat hulle nie toegelaat sal word om Engeland aan te doen nie, waar, volgens genl. Smuts se belofte hulle gekeur sou kon word vir immigrasie na die Unie.**

Genl. Smuts sou in die loop van Maandag 'n verklaring oor die deportasie van Duitsers uit die Unie doen, maar toe ons ter perse gegaan het, was dit nog nie bekend nie. Hy is in elk geval in die laaste week oorstroom met 'n georganiseerde protes teen die moontlikheid dat hy die Duitsers hier mag hou. Veral die Springbok-legioen en Joodse lede van die Verenigde Party het hulle hiermee bemoei, en die indruk was dat genl. Smuts sou toegee aan hul eise.

Inmiddels het die Raad van Kerke namens die N.G. Kerk 'n beroep op genl. Smuts gedoen om 'n christelike en menslike beleid te volg en nie die mense na die ellende van Duitsland te stuur nie. Verskeie ander deputasies het soortgelyke beroepe gedoen.

Die regering het besluit om die verslag van die Deportasie-kommissie en sy aanbevelings uit te voer, volgens 'n aankondiging wat Veldm. Smuts verlede maand in die Volksraad gedoen het en met 'n paar uitsonderings sal die 254 Duitsers wat aanbeveel is vir deportasie gedeporteer word.

## Genl. se Hulde Aan Ontvalle Moeder


Genl. M. F. Smith, Robertson, skryf:

Vergun my om langs hierdie weg 'n kransie te lê op die graf van Brandwag Mattie Kuhn, eggenote van veldkt. Stephen Kuhn, van Eilandia, Robertson, wat haar lewe ingeskiet het toe sy die lewe aan 'n fris Afrikaner-seuntjie geskenk het. Sy laat haar eggenoot na met sewe klein kindertjies van wie die meeste reeds by die Boerejeug ingeskryf is. Die oorledene was 'n ywerige en vrygewige Brandwag, minsaam in omgang, tog beslis in optrede. Uit haar het gestraal haar leuse „My God, My Volk, My Land Suid-Afrika", en ons hele beweging sal haar mis. Ons huldig haar nagedagtenis en betuig ons innige meegevoel met haar eggenoot en familie.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

## Wonderoog Sal Motors Bespied

Die wonderoog, Radar, wat tydens die oorlog ontdek is en tans vryelik gebruik word om skepe en vliegtue se koers aan te dui, sal binnekort ook begin poliesman speel. Verkeerspolisie wat met stophorlosies langs die pad staan om motoriste se jaaglus te beteuel, sal dan vervang word deur 'n klein onsigbare dosie wat op sekere afstande langs die pad gestel word. Hulle sal binne 'n oogwenk kan vasstel wat die snelheid van 'n motor is wat daar verby jaag, en al wat die verkeersbeampte hoef te doen, sal wees om die nommer van die verdagte motor neer te skryf en by die kantoor in te handig. Die getuienis van die wonderoog sal onbetwisbaar wees.



GEKLEUR VIR
NUWE DIENS
KLEURSPESIALITEITE
PAARL STOOMWASSERY
★ WAS
★ KLEUR
★ DROOG-SKOONMAAK
Posbus 35 Foon 214
DIE PAARL
HUGENOOTSTASIE
(Goedere Halftarief)